Navrae
Enquiries
Imibuzo
Mnr. M. Cronjé
Me. Z. Silwanyana

Telefoon
Telephone
Ifoni
(021) 467 2574
(021) 467-2568

Faks
Fax
Ifeksi
(021) 467 2694

Verwysing
Reference
Isalathiso
6/10/1/6
20020416-0009

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF: 0052/2002
VERVALDATUM: GEEN
AAN: ADJUNK-DIREKTEURS-GENERAAL, HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN OBOS'e) HOOFDE VAN KOMPONENTE EN INRIGTINGS

*KORT OPSOMMING: Die benadering van die WKOD om voldoening aan die beginsels van die Wet op Gelyke Indiensneming te verseker.*

**ONDERWERP: GELYKE INDIENSNEMING**

Die WKOD sal binnekort 'n program van stapel stuur om te verseker dat daar voldoen word aan die beginsels van die Wet op Gelyke Indiensneming van 1998. Die doel van die Wet is om gelyke beregtiging in die werkplek te verseker.

In ooreenstemming met die vereistes van die Wet op Gelyke Indiensneming word daar van die WKOD, as 'n aangewese werkgewer, verwag om 'n plan vir gelyke indiensneming op te stel wat strategieë insluit om:

- onbillike diskriminasie te elimineer en te verhinder.
- gelyke geleenthede en billike behandeling in indiensnemingspraktyke te bevorder.
- doeltreffende bestuur van mense, diversiteit en ontwikkeling te ondersteun en te bevorder.
- 'n ontleding van indiensnemingsbeleide, -praktyke, -prosedures en die werkplekomgewing te doen.
- deur regstellende-aksie-maatreëls die indiensnemings- en bevorderingsgeleenthede te verbeter van diegene teen wie histories ingevolge ras, geslag en gestremdheid gediskrimineer is.
- 'n organisatoriese kultuur te skep wat bevorderlik is vir die diverse aard van die werksmag van die WKOD en sy kliënte.

Met die oog op die bevordering van 'n beter begrip van die gelyke-indiensnemingsproses sal die WKOD 'n voorspraakprogram van stapel stuur bestaande uit plakkate, strooibiljette en opleidingsintervensies.

Die WKOD sal hom laat lei deur 'n geloof in die basiese gelykwaardigheid van alle mense, ongeag hul posisie in die organisasie, hul ras, geslag, fisiese of verstandelike vermoë, gegrond op die beginsels van billikheid, gelykberegtiging, toeganklikheid, deursigtigheid, verantwoordelikheid en deelneming soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika. Dit impliseer dat 'n plan vir gelyke indiensneming opgestel sal word deur middel van 'n kunsultatiewe proses wat bydraes van alle vlakke van die organisasie sal insluit.

Die WKOD is dus vasberade om 'n omgewing te skep wat gelyke geleenthede vir al ons huidige en toekomstige werknemers sal verseker.

Besonderhede aangaande inligtings-en opleidingsessies sal u binnekort bereik.

WND. HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2002-05-07